Maandag

Joh. 20: 24 – 29; 1 Joh. 4: 1 – 6, 5: 21,21; Jes. 1: 10 – 20; Jer. 2: 26, 27. Teks Johannes 20: 28: “Toe sê Tomas vir Hom: My Here en my God.” Tema Ons aanbid Jesus Christus as Here en God. Here God! Só openbaar God Homself al sedert Hy aan Moses verskyn het in die is die betekenis van die woord Here wat Tomas gebruik – “ Ek is wat Ek is. In Hebreeus uitgespreek as Jahweh. Jesus Christus is God wat met Abraham die verbond in Genesis 12 gesluit het: Ek sal jou maak en laat wees wie Ek jou wil hê: Ek sal jou God wees en jy sal my volk wees. Daarom beteken die beskrywing van God as Jahweh – “Ek is wie Ek is en ek sal jou maak wie Ek jou wil hê jy moet wees.” Tomas aanbid Jesus Christus deur Hom aan te roep as my Here en my God. Die Christus met spykermerke in sy hande en die merk van die spies in sy sy. Dit is ware aanbidding van God: om Jesus Christus wat as mens vir sonde gely het, gekruisig was, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het om vandag steeds mens te wees, as Here en God aan te roep. Aanbidding is om Jesus Christus te vertrou: Só is God wie Hy is en só laat God my wees wie Hy wil hê ek vir Hom moet wees, deur my te verenig wie Hy as die Christus is. Hierdie vertroue dat Jesus Christus Here en God is wys in die wyse waarop Tomas dit bely. Nie net Jesus Christus is Here God nie, maar Jesus Christus is my Here en my God. In hierdie belydenis aanbid Tomas Jesus Christus as Here en God wat alles gemaak het, Abraham uit Egipte geroep het en Moses gestuur het om Israel uit Egipte te lei. Jesus Christus is hoe God God is en ons laat wees wie Hy ons wil hê – sy kinders. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 20: 24 – 29; 1 Joh. 4: 1 – 6, 5: 21,21; Jes. 1: 10 – 20; Jer. 2: 26, 27. Teks Johannes 20: 28: “Toe sê Tomas vir Hom: My Here en my God.” Tema Ons aanbid Jesus Christus as Here en God. Here God! Aanbidding is liefde. Die vertroue in Jesus Christus wat bely word as “ my Here en my God” is vertroue in God se liefde. “ Ek is wat Ek is” is hoe God God is en self die gekruisigde sondaar is wat ek moes wees. Só, as gekruisigde mens in my plek is hoe God is wat hy as God is. Só is God Here. Só maak God ons wie Hy ons wil hê: deur ons in te sluit en te verenig met wie Hyself as mens in ons plek is. Ingesluit en verenig met Christus is ek ‘n kind van God wat nooit weer vir my sonde veroordeel, aangekla, gestraf of verwerp sal word nie. Só maak God my die wie Hy my wil laat wees in Christus. In Christus vervul God se onderneming dat God my altyd as sy kind in sy liefde verheerlik. Dit is die vertroue in God se liefde wanneer ons soos Tomas bely dat Jesus Christus is ons Here en ons God. Só is God wie Hy is en só laat God my wees wie Hy my wil hê – ek leef in God se liefde vir ewig. Ek leef in hierdie liefde die ewige lewe met God. Jy kan God nie aanbid as jy nie glo in Jesus Christus wat gekruisig was en vandag mens is wat uit die dood uit opgestaan het nie. Die apostel Johannes stel dit só in 1 Joh. 4: 2 “ Elke gees wat bely dat Jesus Christus vlees geword het, ( Joh. 1: 14) is uit God gebore. En elke gees wat dit nie bely van Jesus nie is nie uit God gebore nie, maar is die gees van die Antichris” Jy kan God ook nie aanbid as jy nie Jesus Christus nie as Here en God vertrou en aanroep nie. Die apostel Johannes stel dit só: “ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe. (1 Joh. 5:20) Jesus Christus is hoe God is wie Hy is. (Ex. 3: 14, Joh. 8: 58) God is liefde en wie Jesus Christus ken en vertrou leef in God se liefde en aanbid God. (1 Joh. 4: 15 -17) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Joh. 20: 24 – 29; 1 Joh. 4: 1 – 6, 5: 21,21; Jes. 1: 10 – 20; Jer. 2: 26, 27. Teks Johannes 20: 28: “Toe sê Tomas vir Hom: My Here en my God.” Tema Ons aanbid Jesus Christus as Here en God. Here God! Om Jesus Christus as Here en God aan te roep, is die enigste wyse waarop aanbidding van God liefde is. Ons aanbid God só sonder offers vir ons sondes. Net Jesus Christus is die offer vir alle sondes wat ons ooit sal doen. Daarom roep ons Jesus Christus as Here en God aan sonder enige vrees vir oordeel, aanklagte, straf of verwerping van ons sondes. Die apostel Johannes tel dit só: “In die liefde is daar geen vrees nie. Inteendeel volmaakte liefde verdryf vrees na buite; want vrees het te doen met straf en wie vrees het nie volmaak geword in liefde nie. Ons het lief omdat Hy ons eerste lief gehad het. (1 Joh. 4: 18.19) Ons aanbid God só omdat Jesus  Christus is hoe God is wat Hy is – Hy laat ons in sy ewige liefde leef en laat ons liefde vir Hom ewig wees. Ongelowiges aan bid nie vir God nie. Hulle wil nie Jesus Christus as Here en God ken, vertrou en liefhê nie. Ongelowiges wil God altyd ontheilig met hulle eiesinnige verering van God. Met hulle eiesinnige verering van God ontheilig hulle God vir wie Hy is en wil hulle Hom maak soos hulle hom wil hê; en wil hulle nie wees wie God hulle maak om te wees nie, maar wie hulle hulself maak. Dit is hierdie eiesinnige verering van god in godsdienstige byeenkomste wat God verwerp in Jesaja 1: 10 – 17. Hulle wil met offers vir God God maak soos hulle God wil hê. Hulle wil met hulle offers hulself vir God regmaak en God die God maak wat hulle offers vir hul sondes aanvaar as reg en goed. So maak hulle van aanbidding besigheid met God: hulle gee vir God wat God nodig het en God gee dan weer vir hulle wat hulle van God nodig het, God gee as ek gee en ek gee as God gee. Dit is presies hierdie geestelike besigheid met God wat Jesus Christus beëindig wanneer Hy die tempel reinig in Joh. 2: 16: “ Hou op om die huis van my Vader ‘n huis te maak waar handel gedryf word.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Joh. 20: 24 – 29; 1 Joh. 4: 1 – 6, 5: 21,21; Jes. 1: 10 – 20; Jer. 2: 26, 27. Teks Johannes 20: 28: “Toe sê Tomas vir Hom: My Here en my God.” Tema Ons aanbid Jesus Christus as Here en God. Here God! Ongelowiges ontheilig God met hulle aanbidding van God. Hulle maak die gee van offers vir sondes aanbidding van God terwyl God self die skuld vat en sondaars reg maak vir sy liefde deur self die offer te wees. God aanvaar nie aanbidding wat offerdienste vir sonde is nie. Mense wat offerdienste vir God hou, sien God as mense wat sy tempel kom vuil trap. God verklaar in Jes. 1: 11 dat hulle offers Hom nie aanstaan nie en dat Hy nie na hul gebede in hierdie tipe aanbidding luister nie. “ As julle julle hande uitstrek sluit ek my oë vir julle. Selfs as julle baie bid, luister ek nie. (1 : 15) God laat Hom nie met aanbidding maak soos mense God wil hê nie. Hy is wat Hy is en maak ons wie Hy ons wil hê. Vererende ontheiliging!  Dit is wat eiesinnige aanbidding is. Met die gebede wat ongelowiges bid, met die dank waarmee hulle god dank, met die lof en eer wat hulle God mee prys, ontheilig hulle God. Hoe so? Dit beskryf die profeet Jeremia in hoofstuk 2: “Hulle wat vir ‘n stuk hout sê, ‘Jy is my vader!’ en vir ‘n klip. ‘Jy het my in die wêreld gebring!’ Want hulle draai hulle rug op My en wys nie hulle gesig nie.” Van die mooiste gebede, dankbetuigings, lof en eerbetoon, eer en prys aan God is al vir afgode geskryf en aan afgode opgedra. Maar hierdie mooi aanprysings, dankbetonings en eerbewyse is ontheiliging van God want met hierdie aanbidding draai mense hulle rug op God en vereer hom as afgod. Om God as afgod te vereer is ontheiliging van God. Wie Jesus Christus vereer met geestelikheid

en godsdiens waarin Hy nie as Here en God aangeroep word nie, ontheilig God. Hierdie spirituele vererings is niks anders nie as die vererende ontheiliging van God Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Joh. 20: 24 – 29; 1 Joh. 4: 1 – 6, 5: 21,21; Jes. 1: 10 – 20; Jer. 2: 26, 27. Teks Johannes 20: 28: “Toe sê Tomas vir Hom: My Here en my God.” Tema Ons aanbid Jesus Christus as Here en God. Ons roep Jesus Christus as ons Here en ons God. Só aanbid ons God vir wie Hy is. Jesus Christus is self God wat self die offer vir ons sondes is. Hy is self die mens wat vir ons sondes die aangeklaagde, veroordeelde, skuldige en verwerpte sondaar is. Ons kan Jesus Christus nooit vereer met offerfeeste waar ons ons hart, ons lewe, ons goed, ons land en identiteit opoffer vir ons sondes omdat ons voor God as aangeklaagde, veroordeelde en skuldige sondaar staan nie. Gebede, lofbetuigings, eer- en dankbetonings waarmee ons voor God aangekla, veroordeel, skuldig en verwerp gaan staan, is die gebede waarvan God in Jesaja 1 verklaar dat al bid jou hoe baie van hierdie gebede sal God nooit na een van hierdie gebede luister nie. Al roep jy God met hierdie gebede aan in alle opregtheid, toewyding en oorgawe, sal God sy oë vir hierdie verering sluit en nie in hierdie offerdiens teenwoordig wees nie. (Jes. 1:15) God haat hierdie vroomheid en die geestelike byeenkomste wat in hierdie vroomheid gevier word, is vir Hom ‘n las. (Jes. 1: 13.14) Dit geld vir al die geestelike byeenkomste wat in Jesus se Naam gehou word maar wat offerfeeste is waarin mense hulle self vir hul sondes aan God oorgee en opgee. Met hierdie verering ontheilig mense Jesus Christus as Here en God, wie die enigste offer vir ons sondes self is. Ons aanbid Jesus Christus wat self waaragtig Here en God is en vereer Hom nooit as ‘n afgod nie. (1 Joh. 5: 20,21) Ons skep of vereer nie geestelikes se beelde van Jesus waarin hulle Hom die groot rolmodel, die ideale voorbeeld, die wysheidsleraar, die groot godsdroom, die geestelike mentor, die groot liefdesprofeet of die geestelike leier maak wat ons met God se goddelike kragte bemagtig nie. Met hierdie tipe verering ontheilig hulle Jesus Christus as Here en God en draai hulle hulle rug op Christus om hulle aanbidding toe te wy aan valse geestelike Jesus beelde. Só is hulle aanbidding die aanroep van klip en hout as hul vader. Só word Jesus in kerklike eredienste en vergaderings nou as die “groot maestro” ontheilig as Here en God (Jer. 2: 27) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus